

24 April - GELOOF

Skrifgedeelte: Matteus 9:18-26
Fokusgedeelte: Matteus 9:20-22

In hierdie gedeelte is daar geweldig baie troos vir ons as gelowiges. Ons lees dat die vrou al 12 jaar lank aan bloedvloeïing ly (vgl. Mark 5:22-43 en Luk 8:40-48). Volgens die wet (Lev 15:25) is sy onrein en kan sy dit wat sy aanraak, ook onrein maak. Sy raak van agter die soom van Jesus Christus se kleed, sodat sy ongemerk gesond kan word. Sy wil nie haar onreinheid in die openbaar bekend maak nie.

Jesus het egter omgedraai en haar gesien, Hy weet wat sy gedoen het. Hy veroordeel haar nie, en laat haar ook nie die verkeerde indruk van Hom kry nie. Hy is nie net 'n geneesheer nie, daarom sê Hy vir haar: "Wees gerus (hou goeie moed), dogter, jou geloof het jou gered." Sy kry nie net alleen genesing van haar siekte nie, maar die belangrikste: redding deur die geloof!

Die vrou moes daardie dag besef dat nóg die kleed nóg die wet haar gaan gesond maak. Die belangrikste is die geloof, ongeag die omstandighede.

God se genade en barmhartigheid word vir ons in hierdie stuk gewys. Deur die geloof wat Hy deur sy Gees in ons werk, word ons gered! Romeine 10:11-12: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie. Niemand nie!"

Dank God vir die geloof wat Hy in ons werk en die redding wat Hy vir ons bewerk het deur sy Seun. Ongeag ons omstandighede kan ons God bly dank vir die geloof en redding wat Hy vir ons gee!

Sing: Psalm 25:2 en 7

Teol. Student Marco le Roux